# Van Resitasie-kompetisie Tot Magtige Kunswedstryd

deur

## B. G. LINDEQUE

*„Die Johannesburgse Afrikaanse Kunsvereniging is vandag die grootste van sy soort in die suidelike halfoord."*

DIE Afrikaanse Kunsvereniging van Johannesburg vier vanjaar sy sewentiende verjaardag, en dis met 'n gevoel van trots en innige dankbaarheid dat die bestuur en lede terugblik na die nietige ontstaan van hierdie merkwaardige Afrikaanse liggaam wat die moeder en voorloper is van al dergelike vereniginge wat daar vandag oor die lengte en breedte van ons land bestaan.

Hierdie vereniging het sy ontstaan hoofsaaklik te danke aan mnr. H. J. Hollenbach, hoof van die Afrikaansmedium-skool op Turffontein Wes, en mnr. H. le Roux-Jooste, ten tye van die stigting hoof van die Afrikaanse buurskool op La Rochelle.

Daar het tussen hierdie twee skole en hul prinsipale 'n sterk wedyweringsgees ontwikkel en toe mnr. Hollenbach op sy tradisionele wyse die woord van uitdaging tot sy oostelike kollega rig, is daar en dan besluit om die kinders van die twee inrigtings met mekaar in 'n resitasie-wedstryd te laat meeding. Die Afrikanergemeenskap van Rand Sentraal, en trouens in die hele Suid-Afrika, is groot dank aan hierdie twee kultuurfigure verskuldig, veral daar hulle nie alleen met hierdie nietige begin iets aangepak het wat tot 'n reusagtige onderneming en organisasie ontwikkel het nie, maar ook omdat hul ywer, belangstelling en daadwerklike ondersteuning vandag nog so sterk is soos aan die begin, ondanks hul betreklik gevorderde leeftyd en die menigvuldige pligte wat elkeen van hulle ook in ander rigtings moet nakom.

Die volgende persone wat in die stigtingstydperk op die toneel verskyn het, was die onvergeetlike dr. A. M. Moll, die super-organiseerder, mnr. L. J. Erasmus en die talentvolle sekretaris, mnr. F. W. Vodegel.

Dr. Anthony Moll het met sy sienersblik dadelik besef dat hierdie Afrikaanse kunswedstryde wat aanvanklik slegs tot twee skole beperk was, tot iets groots vir die Afrikaanse kuns en kultuur kon ontwikkel, en mnr. L. J. Erasmus, die toenmalige sekretaris van die T.O., het op sy gebruiklike wyse georganiseer, belangstelling probeer wek, propaganda gemaak en uiteindelik 'n vergadering van kunsliefhebbers in die Eendragsaal in Braamfontein belê om aldaar vaste vorm aan die vereniging te probeer gee.

Voor die ontstaan van die Afrikaanse kunswedstryde het Afrikaners aan die Rand feitlik alle Afrikaanse voordragte uit filantropiese oorwegings, en ten gevolge van diepgevoelde simpatie met diegene ten bate van wie die voordragte of opvoerings gehou moes word, bygewoon, en hul aanwesigheid as 'n groot guns teenoor die organiseerders van 'n konsert en die voordraers op die funksie beskou. Die vraag het egter opgekom: sou dit nie moontlik wees om 'n eie smaak en egte kunsgevoel by die Afrikaner te ontwikkel nie? Sou hy nie spontaan alle Afrikaanse voordragte bywoon met die vaste versekering dat die aangebode items van hoogstaande kunsgehalte is nie? In die eerste manifes wat einde 1922 aan Afrikaners en ander moontlike belangstellendes uitgestuur was, sien ons dan ook sulke vrae: Het die Afrikaner geen kunsgevoel nie? Is hy onmusikaal? Waarom moet ons dan altyd terugstaan vir ander kuns, en moet ons publiek dit alleen geniet, wanneer dit voorgedra word bv. deur 'n koor, waarin ons skaars of glad nie verteenwoordig is nie? Die antwoord het gevolg: omdat ons Hollands-Afrikaanse kuns nie georganiseer is nie.

Om hierdie noodsaaklike organisasiewerk te doen „word die plan voorgelê, wat die gevolg is van 'n noukeurige bespreking, waaraan verskillende ervare persone deelgeneem het. 'n Afrikaanse Kunsvereniging sal op groot skaal gestig word, wat hom ten doel sal stel die beoefening en bevordering van ons eie Hollands-Afrikaanse musiek- en voordragkuns — in 'n atmosfeer waarin ons Afrikaners hulle tuis sal voel. Op die wyse word nie alleen probeer om die kunsgevoel van ons mense te ontwikkel en 'n gesonde ontspanning aan te bied nie, maar word ook aan ons talentvolle kunstenaars die geleentheid verskaf om in wyer kringe voor die publiek te verskyn. Om die gevaar van mislukking te voorkom, sal voorlopig net 'n groot gemengde koor opgerig word, met deelnemers aan die hele Rand, vanaf Randgate tot Geduld . . . . Die ideaal is om 'n koor te hê van seshonderd tot 'n duisend lede."

Die uitvloeisel van hierdie manifes was die eerste sentraal-organiserende komitee wat aanvanklik bestaan het uit dr. A. M. Moll, mnre. L. J. Erasmus, T. W. Vodegel en C. Olivier.

Met hierdie voorgenoemde propaganda vir 'n groot koor, het die kranige koorleiers mnre. J. B. Z. Keet en wyle mnr. Glenton op die toneel verskyn en onteenseglik baie begin doen om die pragtige idee op 'n suksesvolle daad te laat uitloop.

Ofskoon mnre. Hollenbach en Jooste met hul kunswedstryde in den kleine voortgegaan het seert 1921, is die eintlike teenswoordige organisasie op 28 Februarie 1923 in die Eendragsaal onder voorsitterskap van ds. Wm. Nicol in die lewe geroep. Die belangstelling was groot, want nie minder as 300 persone was aanwesig nie. Mnr. John Connell, die stadsorrelis, het met hierdie geleentheid die belangstellendes toegespreek, die nut en noodsaaklikheid van die voorgestelde vereniging vir die Rand beklemtoon en sy persoonlike heelhartige ondersteuning daaraan toegesê. Die oorspronklike doel van die vereniging soos op daardie stigtingsvergadering vasgestel, was die beoefening en bevordering van Afrikaanse kuns en die verskaffing van die geleentheid, veral aan Suid-Afrikaanse kunstenaars en kunsliefhebbers, om in wyer kringe voor die publiek op te tree.

S.K.H. prins Arthur van Connaught, die toenmalige Goewerneur-generaal, was die eerste beskermheer. Die eerste presidente was mnre. Patrick Duncan (Minister van Onderwys), genl. J. B. M. Hertzog, dr. J. G. Adamson en die Duitse Konsul-generaal in Suid-Afrika. Tot onder-presidente is gekies prof. J. H. Hofmeyr, prof. Kirby, dr. T. C. Visser, regter Krause, madame H. C. Bal en mnr. Sydney Rosenbloom. Op die eerste bestuur het gedien: dr. A. M. Moll (ere-voors.), mnr. B. Radloff (voors.), mnr. H. J. Hollenbach (onder-voors.), mnr. L. J. Erasmus (org. sekr.), mnr. F. W. Vodegel (adm. sekr.), en mnr. J. du P. Perold (penningmeester).

Die volgende stap was die organiseer van 'n eerste groot kunswedstryd wat die Hollenbach-Jooste-funksies sou inkorporeer. Op Vrydag, 18 Mei 1923 het die eerste vergrote Afrikaanse kunswedstryd in die Selbornesaal plaasgevind, waarvoor dan ook 'n soewenier-program van vier kort bladsytjies teen 1/- stuk aan die publiek verkoop is. Minstens 700 mense was teenwoordig. Die mannekoor het „Woudgedachten" en Psalm 118 gesing en dit het groot byval by die eerste kunswedstrydgangers gevind. „Moeite, tyd nog koste was deur die organiseerders gespaar om 'n goeie indruk te maak met die vereniging se eerste offisiële optrede; en met uitnemende sukses, want dié wat teenwoordig was, sal hulle die geleentheid seker nog lank herinner. Dit was veral verblydend om te sien dat daar ruim plek gegee is aan ontluikende talent en meer nog om die goeie gehalte van hul musikale uitings te bespeur. Mev. S. J. Hattingh wat die aand opgetree het, kan onder die vooraanstaande sangeresse aan die Rand gerangskik word en haar weergawe van die „Nachtigall" was skitterend, en die spontane dawerende applous wat gevolg het, het dit meer dan verdien. Die kunsvereniging moet van harte geluk gewens word dat hulle haar ontdek het."

In *Ons Vaderland* is gerapporteer: „Die hele aand het baie plesierig gegaan, daar was nie een nommer wat nie na die publiek se sin was nie. Die bestuur het alles na wense en so mooi as dit maar kon, gereël, maar vir hulle volgende uitvoering sal hulle die stadsaal moet hê, want nou dat dit die eerste keer so mooi gegaan het, sal die mense wat die volgende keer sal kom, nie meer in die Selborne-saal geplaas kan word nie; die saal was noual vol. Dit sê baie vir die Suid-Afrikaanse kuns, dat die vereniging al soveel lede het dat hulle nou al so'n groot program kon uitvoer, en dit toon ook aan dat daar baie meer talent in Suid-Afrikaners is as wat die mense dink.' '


Van twee feite was die bestuurslede nou oortuig: eerstens dat daar was talentvolle Afrikaners wat met hul sang en instrumentale musiek sowel as voordragkuns met enige ander seksie kon kompeteer; en tweedens dat die Johannesburgse Afrikaanse publiek kuns kan waardeer en gereed sou wees om die voordrag in die toekoms om syns selfs wil by te woon.

„Voorwaarts" het die onuitgesproke leuse van die Afrikaanse Kunsvereniging geword.

Onder die bekwame leiding en inspirasie van dii. Nicol en Cillié, mnre. Vodegel, Keet, Perold, Greybe, Hollenbach e.a. het die Kunsvereniging van krag tot krag ontwikkel. Tot 1926 het dit maar opdraand gegaan om al die onkoste in verband met die verenigingswerk te bestry, en mnr. Vodegel het dikwels uit sy eie sak betaal met die salige hoop dat dit wel eendag beter sou gaan en hy sy geldjies sou kan terugkry.

In 1926 was die skrywer hiervan beide sekretaris en penningmeester en in daardie jaar was daar 'n batige saldo van ongeveer £80. Dit was toe nog moontlik om al die voorlopige en

(Vervolg op bladsy 22.)



*HUIDIGE BESTUURSLEDE VAN DIE VERENIGING, l.n.r.: mnr. J. J. C. Hofmeyr, mnr. B. G. Lindeque, prof. dr. C. M. van den Heever (voorsitter), mej. C. J. Joubert en mnr. J. du P. Perold.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# DIE KUNSVERENIGING

(Vervolg van bladsy 21.)

finale beoordelings van die kunswedstryd in enkele dae af te handel, dog weldra het die Kunswedstryd in omvang en prestige toegeneem en soveel agting en respek van die ander lede van ons kosmopolitiese gemeenskap afgedwing, dat inskrywings geweldig vermeerder en mededingers van alle dele van ons land toegestroom het om mee te ding om 'n medalje, diploma of sertifikaat te probeer verower.

Die Kunsvereniging het ook jaarlikse handearbeid-tentoonstellings gereël en ofskoon hierdie dele van sy ondernemings finansieël nie geloon het nie en uiters onekonomies was, is talryke talente ontdek, en is persone met aanleg aangemoedig om hulle verder te bekwaam in die rigting wat hulle ingeslaan het; so bv. is die vyftienjarige Pieter Marais wie se skildery, *Springbokvlakte,* met 'n goue medalje bekroon is, so aangemoedig dat hy 'n jaar of wat later na Parys en die buiteland gegaan het om sy kunstalent aldaar te ontwikkel.

In die jare 1927-1929 het die onkoste van die Kunsvereniging, wat steeds probeer het om sy heel beste te gee, so geweldig gestyg dat die gewone ledegeld van £1/1/- per jaar, donasies, affiliasiefooie en inskrywingsgelde verreweg te min was om al die uitgawes aan saalhuur, professionele beoordeling, drukwerk, medaljes, sekretariële onkoste en penningmeesterskoste te dek. Vanaf 1930 is die portefeuljes van sekretaris en penningmeester opnuut geskei en het mnre. Erlank en skrywer deses onderskeidelik daardie twee departemente waargeneem. Aan die einde van 1930 was daar 'n mooi batige saldo, van meer as £300, want die penningmeester wat slegs een talent besit, nl. om as professionele bedelaar die lewe van die publiek so lastig te maak dat hulle maar gewoonlik, om van hom ontslae te raak, gehoor gee aan sy noodkrete en hul ledegeld betaal of 'n donasie aan die vereniging skenk, het deur sy onophoudelike gebedel nie alleen die genoemde batige saldo verkry nie, dog ook 'n algemene berugtheid verwerf en 'n skrywer van talryke smeekbriewe geword waarmee hy die individuele lede probeer oortuig het dat die redding van die Afrikaanse Kunsvereniging slegs van hul ghienies afhanklik is.

Die Afrikaanse Kunsvereniging is vandag 'n reuse-organisasie. Waar ons jaarlikse kunswedstryd-program aanvanklik uit vier kort bladsytjies bestaan het, beslaan dit vandag van twaalf tot twintig. Waar ons inkomste en uitgawes enkele jare gelede saam minder as £500 was, is dit nou oor die £2,000! Waar daar aanvanklik sowat 200 inskrywings was, is daar vanjaar 3,000! Waar die kunswedstryd oorspronklik in een dag afgehandel was, neem dit vandag bykans 'n maand om met die beoordelings en bekronings klaar te kry. Die bestuur moet hulle groot opofferings aan tyd, geld en liggaamskragte getroos. Dit is 'n welbekende feit wat egter nie op die hoeke van die strate verkondig word nie, dat die sekretaris al dikwels in die verlede inspuitings moes neem van 'n geneesheer om die eintlike drukke tydperk van slaafse arbeid te oorlewe.

Die Afrikaanse Kunsvereniging is vandag die grootste van sy soort in die Suidelike Halfrond. Dit is 'n pragtige Afrikaanse onderneming wat werklik presteer het en daarin geslaag het om in teenstelling met wat die geval met so baie ander Afrikaanse liggame is, kop bo water te hou en sy voortbestaan te bestendig.

Dit het ontsaglik baie gedoen om die kuns en kultuur van ons hele land te bevorder; trouens, dit is die moeder-vereniging waaruit honderde, ja bykans duisende soortgelyke verenigings gebore is. Dit het die Afrikaner van die Rand help wakker skud en kultuurbewus laat word. Die vereniging het al talryke talente ontdek en persone bewus van hul eie bekwaamheid en kunstalent laat word, en hulle daardeur aangemoedig om hul studies òf plaaslik òf in die buiteland voort te sit, en om hulle te bekwaam vir 'n kunsloopbaan wat andersins 'n praktiese onmoontlikheid sou gewees het. Die Afrikaanse Kunsvereniging het deur sy geweldige prestige die respek en hoogagting van die ander seksies van ons land se bevolking afgedwing. Hier is nou werklik 'n onderneming waarvoor Engelsman, Griek, Jood en Samaritaan die hoogste agting gevoel.

Ten laaste het dit in sy oorspronklike doel geslaag, nl. om die Afrikaanse kuns te bevorder, en in die eerste plek aan Afrikaanssprekendes die geleentheid te verskaf om voor wyer en breër kringe en gehore op te tree.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012